

19 Junie

Skrifgedeelte: Ps 111 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Ps 111:1

Die heilige erediens

Die lofprysing van die Here begin met 'n wilsbesluit, 'n voorneme. Dit is nie maar iets waarby jy gaan inval, omdat dit nou tyd is daarvoor nie! Nee, jy wil dit gaan doen, met jou hele hart. Nie net jou wil is daarby betrokke nie, maar ook jou liefde ... al jou liefde: "Met my hele hart wil ek die Here loof ...". Hierdie lofprysing kom ook nie eers tot uiting wanneer jy begin sing of bid nie, maar alreeds *in die samekoms* van geloofsgenote, of in die woorde van die psalm, "in die samekoms van die opregtes".

Die bymekaarkom by die plek van aanbidding is alreeds deel van die loflied! As jy nie daar is nie, beroof jy die Here van die lof wat Hy vir jou berei het en doen jy nie die goeie werke waarvoor Hy jou bestem het nie! Oor die opregtheid van die eie hart moet elke mens uiteindelik self oordeel. Hoe jy jou medegelowiges moet sien, blyk daaruit dat vers 1 hulle as "opregtes" beskryf. Ja, dit moet jou vaste voorneme wees om die Here waarlik te loof deurdat jy die gemeente, die kerk wat saam vergader, almal daar, erken as sy genadewerk, as *opregtes!*

Dit is immers die gemeente; die liggaam van Jesus Christus, wat Hy gereinig en geheilig het! Al is hulle in die oë van ander hoe *verkeerd*, in die erediens is julle saam God se lofsangers wat Hom met vreugde roem oor wat Hy gedoen het en nog doen. Dit moet heilige toewyding aan die heiligende Here deur die heerlike gemeenskap van die Heilige Gees wees.

Sing: Psalm 122:1,2 Ds JH Cilliers (Standerton)